

'n Pynappellap met prag

BENODIGDHEDE

Ongeveer 50 g hekelgare nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.

MATE

Ongeveer 50 cm in deursnee.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; driestl – drieslagsteek; gs – glipsteek; vlg – volgende; beg – begin; herh – herhaal; sp(s) – spasie(s); st(e) – steek(steke); psk – picotskulp, (1lb, 3ks, gs in 1e ks, 1lb) in dieselfde steek of spasie; osk – oop skulp, (2lb, 3ks, 2lb) in dieselfde steek of spasie; tr – trossie, soveel lb of dsl soos genoem saam afgewerk.

Let wel: Vervang ks en sluit-gs aan einde van 'n rondte waar nodig, deur: 3ks vir 1lb; 4ks vir 1ks, 1lb; 5ks vir 2ks, 1lb; 6ks vir 2ks, 1dsl; 7ks vir 3ks, 1dsl; só eindig jy in die middel van 'n spasie en begin die volgende rondte.

MIDDELSTUK

Begin met 10ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.

1e rondte: 28lb in ring, sluit-gs.

2e rondte: (1kb tussen 2lb, 2ks, slaan 2 ste oor) 14 keer sluit-gs.

3e rondte: (3dsl-tr in elke 2ks-sp, 5ks) 14 keer, sluit soos uiteengesit.

4e rondte: (1kb in 5ks-sp, 6ks) 14 keer.

5e rondte: (1kb in 5ks-sp, 7ks) 14 keer.

6e rondte: (9lb in 7-ks-sp) 14 keer.

7e rondte: (1kb, 2ks, slaan 2 ste oor); herh rondom.

8e rondte: 1psk in elke sp rondom.

9e rondte: (1psk, 1ks) tussen 2lb; herh rondom.

10e en 11e rondte: (psk, 1ks) in elke 1ks-sp; herh rondom.

12e rondte: (psk, 2ks) in elke 1ks-sp rondom.

13e rondte: (psk, 4ks) in elke 2ks-sp rondom.

14e rondte: (psk, 5ks) in elke 4ks-sp rondom.

15e rondte: (psk, 6ks) in elke 5ks-sp rondom.

16e rondte: (psk, 7ks) in elke 6ks-sp rondom.

17e rondte: (psk, 7ks) in 7ks-sp rondom.

18e rondte: (psk, 8ks) in 7ks-sp rondom.

19e rondte: (osk, 6ks) in elke sp rondom.

20e rondte: *osk in osk, 6ks, 10dsl in vlg osk, 6ks, osk in osk, 6ks; herh van * rondom.

21e rondte: *osk in osk, [1driesl, (1ks, 1driesl) 9 keer] in vlg 10dsl; 6ks,

'n Kleedjie getooi met pynappels en picots is 'n ware pronkstuk wat 'n tafel 'n besondere fokuspunt in 'n vertrek sal maak



osk in osk, 6ks; herh van * rondom.

Elke punt word hierna in rye, heen en weer, afsonderlik voltooi.

EERSTE PUNT

1e ry: 3ks in 1e lb van osk, osk in osk, 6ks, 1kb in 1ks-sp, (3ks, 1kb in 1ks-sp) 8 keer, 6ks, osk in osk, 3ks, draai.

2e ry: osk in osk, 6ks, sewe 3ks-sps, 6ks, osk in osk, 3ks, draai.

3e ry: osk in osk, 6ks, ses 3ks-sps, 6ks, osk in osk, 3ks, draai.

4e-8e ry: Hou aan met vermindering van sps soos in vorige rye.

9e ry: osk in osk, 6ks, 1kb in 3ks-sp, 6ks, osk in osk, 3ks, draai.

10e ry: (osk in osk) 2 keer knip gare

af en werk af.

Heg gare aan eerste lb van vlg osk en gaan te werk soos uiteengesit vir eerste punt. Herh met alle vlg punte.

OMRANDINGSRONDTE

Heg gare aan 6ks-sp tussen twee punte vas: *1kb in 6ks-sp, (5ks, psk in 3draai-ks aan beg van ry) 2 keer, (4ks, psk in draai-ks) 3 keer, (3ks, psk in osk) 2 keer, 3ks, (psk in draai-ks, 4ks) 3 keer, (psk in draai-ks, 5ks) 2 keer; herh van * rondom, maar verbind eerste picot met 'n gs aan laaste picot van vorige punt; knip gare af wanneer rondte voltooi is en werk netjies af.